

Saterdag 15 Januarie

Skrifgedeelte: Titus 1:1-3

Fokusgedeelte: Titus 1:2

'n Belofte van hoop vanaf 'n betroubare God

Is daar nog hoop in ons land? Keer op keer hoor ons die beloftes van politici dat die verlamme korrupsie nou hokgeslaan gaan word, en keer op keer word die hoop verydel. Die rede daarvoor is dat voordat daar nie geestelike vernuwing in die gemeenskap plaasvind nie, sal die vrot van 'n korrupte samelewing nie ophou nie.

Die oplossing om die korrupsie, misdaad, leuens en onbestendigheid in ons land te besweer, lê nie op politieke terrein nie. Dit lê in die gesonde geloof van Christene. Die fondament van die geestelike herlewing lê in 'n verhouding met God. Midde-in die korrupsie, misdaad, leuens en onbestendigheid begin die oplossing by God wat betroubaar is.

In Titus 1:2 hoor ons dat God betroubaar is. Letterlik staan daar: "God, wat nie kan lieg nie." Christene weet dit is waar, omdat die Heilige Gees in hulle hart getuig dat dit die waarheid is, soos ons ook in Artikel 5 van die NGB bely. God is die bestendige en volledig betroubare vertrekpunt vir die evangelieboodskap (die goeie nuus van Jesus Christus wat gekom het om jou van die slawekettings van die sonde te verlos) wat verkondig moet word. En hierdie boodskap gee vir ons hoop op 'n ander werklikheid van die ewige lewe.

Die ewige lewe is nie net iets wat daar ver in die toekoms lê nie. Dit begin nou reeds binne jou huidige omstandighede. Dit gee vir jou die positiewe werklikheid van 'n God wat vir jou sorg. Begin om hierdie werklikheid te leef en wees daarmee 'n ligdraer binne die gemeenskap wat so in donker vasgevang is.

Verandering en geestelike herlewing van die gemeenskap begin by jou. Moenie in die negatiewe vaskyk nie, maar sien die positiewe raak in die boodskap van hoop vanaf 'n betroubare God.

Sing: Skrifberyming 1-1:1

Ds. JG van der Walt (George) (Empangeni)